

GEDRAGSKODE VIR LEERDERS LAERSKOOL LAEVELD

Etiese kode

As ouer en leerder van *Laerskool Laeveld* verbind ons plegtig tot die Grondwet van Suid-Afrika, en onderneem ons voorts om die Gedragskode van die skool te respekteer en daarvolgens te leef.

Ons verbind ons tot die kode deur:

- al die reëls en regulasies soos deur die kode van *Laerskool Laeveld* beskryf, noukeurig en eties na te volg;
- deurgaans hoë morele en etiese standaarde te handhaaf;
- daarna te strewende om goeie en positiewe gedrag te openbaar wat bydrae tot 'n veilige en gesonde skool omgewing;
- skoolwerk noukeurig, doelgerig en ywerig te voltooi; en
- deurgaans goeie maniere en respek teenoor ander (die personeel, ouers, mede-skoliere en besoekers) op die skoolterrein, by die skool en in die geboue te betoon .

Ons onderwerp onself aan die bepalings van die Gedragskode en aanvaar enige sanksionering indien ons Laerskool Laeveld se Gedragskode oortree.

GETEKEN TE _____ OP HIERDIE _____ DAG VAN _____
20__

LEERDER

OUER

Algemene reëls

Leerders sal hulle te alle tye as goeie ambassadeurs van Laerskool Laeveld en ooreenkomstig die etiese kode van die skool gedra.

Terwyl leerders in die skool se drag of enige gedeelte daarvan geklee is wat voldoende is om hulle in die oë van die publiek met die skool te verbind, of terwyl leerders die skool verteenwoordig, hetsy direk of indirek, hetsy as deelnemers, ondersteuners, helpers, toeskouers of andersins, sal hulle hulself van enige gedrag weerhou wat die skool, personeel of hul mede-leerders in 'n slegte lig kan stel.

In hul wisselwerking met die skoolhoof, adjunkhoof, opvoeders en ander skoolpersoneel, moet leerders te alle tye die nodige hoflikheid en respek betoon en hulle weerhou van optrede wat op disrespek of opstandigheid (rebelshheid) neerkom.

In hul wisselwerking met mekaar, moet leerders sover moontlik selfbeheersing aan die dag lê en wedersydse respek en verdraagsaamheid betoon. In die besonder moet leerders hulle weerhou van enige gedrag wat daarop gemik is om die fisiese, geestelike en morele welstand van enige ander leerder te skend, of wat daartoe kan aanleiding gee. Enige seksuele of onbehoorlike fisiese kontak tussen leerders op die skoolterrein of enige ander plek waar hulle as leerders van die skool uitgeken kan word, is streng verbode.

'n Opvoeder van Laerskool Laeveld sal oor dieselfde regte as 'n ouer beskik wat betref die beheer en dissipline van die leerder volgens die gedragskode, sowel gedurende die leerder se skoolbywoning as gedurende enige skoolaktiwiteit.

Leerders mag nie in die klaskamer, saal, mediasentrum of rekenaarsentrum eet of drink nie. Die kou van kougom gedurende skoolaktiwiteite is verbode.

Die gebruik van selfoonhorlosies en selfone gedurende skoolaktiwiteite is streng verbode. Oproepe mag slegs in noodgevalle en met die toestemming van die onderwyser gemaak word. Die skool en personeel sal geen verantwoordelikheid aanvaar vir enige diefstal of beskadiging van selfone nie. Leerders is verantwoordelik vir hul selfone en onderwysers mag onder geen omstandighede gevra word om 'n leerder se selfoon gedurende die dag veilig te hou nie.

Die rook, besit en/of gebruik van tabakmiddels, drank, ander alkoholiese middels of dwelmmiddels gedurende enige skoolaktiwiteit of wanneer leerders in skooldrag geklee is, is verbode.

In geval van 'n redelike vermoede dat leerders hulself aan 'n oortreding van hierdie gedragskode of die landswette skuldig gemaak het, het die skoolhoof of 'n opvoeder die reg om sodanige leerders en/of die eiendom in hul besit vir enige gevaarlike wapens, gewere, dwelms of ander skadelike en gevaarlike middels, gesteelde goedere of pornografiese materiaal te deursoek wat die leerders moontlik op die skoolterrein kon bring. Sodanige leerders se menswaardigheid sal deurentyd gerespekteer word, en dus sal die deursoeking privaat, deur persone van dieselfde geslag, en in die teenwoordigheid van nóg 'n persoon geskied. Die deursoekingsproses en -uitkoms moet opgeteken word.

Enige optrede wat die administrasie, dissipline of doeltreffendheid van die skool onbillik benadeel, sal as 'n oortreding van hierdie gedragskode beskou word.

Skuldigbevinding deur 'n hof aan 'n strafregtelike oortreding sal as 'n oortreding van hierdie gedragskode beskou word.

Oortredings wat tot skorsing en/of uitsetting kan lei, sluit in, maar is nie beperk nie tot:

- optrede wat ander se veiligheid bedreig en wat die regte van ander skend;
- die besit, dreigement of gebruik van gevaarlike wapens;
- die besit, gebruik, verhandeling of sigbare bewys van narkotiese of ongemagtigde dwelms,
- alkohol en bedwelmente middels van enige aard;
- bakleiery, aanranding of mishandeling;

- onsedelike gedrag of 'n gevloek;
- die aanneem of voorhou van 'n vals identiteit;
- enige vorm van haatspraak, seksisme, rassisme of ander anti-sosiale gedrag;
- diefstal of die besit van gesteelde goedere, wat die diefstal of besit van toets- of eksamenvraestelle voor sodanige toets of eksamen insluit;
- onregmatige optrede teenoor en/of vandalisme, die vernietiging of beskadiging van skool eiendom wat die aanbring van graffiti sou insluit;
- oneerbiedigheid, aanstootlike gedrag en verbale mishandeling gerig teen opvoeders of ander skoolpersoneel of -leerders;
- herhaalde oortredings van skoolreëls of hierdie gedragskode;
- strafregtelike en onderdrukkende gedrag, soos verkragting en geslagsgebaseerde teistering;
- viktimisasie, afknouery en intimidasie van ander leerders;
- die oortreding van toets- / eksamenreëls; en
- opsetlike en bewuste verstrekking van vals inligting, of die vervalsing van dokumente, ten einde onbehoorlike voordeel te bekom.

Klasreëls

Die klasopvoeder moet, ná oorleg met die klasleerders sowel as hul ouers, klasreëls opstel wanneer hierdie gedragskode aanvaar word, en aan die begin van elke daaropvolgende skooljaar.

Die klasreëls moet skriftelik opgestel word en –

- onmiddellik by die skoolhoof en die skoolbeheerliggaam ingedien word;
- in duidelik leesbare skrif op 'n prominente plek in die klaskamer aangebring word; en
- aan alle leerders en hul ouers beskikbaar gestel word.

Leerders moet stiptelik en volledig voldoen aan die klasreëls sowel as enige mondelinge opdragte wat die klasopvoeder of enige personeellid gee, en wat redelikerwys noodsaaklik is om hierdie gedragskode uit te voer en/of om die skool behoorlik en professioneel te bestuur.

Enige oortreding van die klasreëls sal as 'n oortreding van hierdie gedragskode en skoolreëls beskou word.

Elke klaskamer het twee 'step out' kaarte, klasonderwysers gebruik hierdie kaarte om leerders toestemming te gee om buite hul klaskamers te wees tydens enige akademiese program. Wanneer 'n leerder gevang word sonder 'n 'step out' kaart, sal daardie leerder 'n - 1 versuim ontvang en terug na sy / haar klas gestuur word. In die geval waar 'n onderwyser toelaat dat 'n leerder sy / haar klaskamer verlaat sonder die 'step out' kaart, sal daar van die onderwyser verwag word om 'n geldige rede vir die insident te voorsien.

Skooldrag

- Leerders moet die toepaslike winters- en somersdrag soos voorgeskryf dra.
- Somersdrag word gedurende die eerste- en vierde kwartaal gedra.
- Wintersdrag word gedurende die tweede- en derde kwartaal gedra.
- Alle skooldrag moet duidelik gemerk wees. Die leerder se naam en van behoort aangebring te wees.
- Provinsiale kleure (sweetpakke) mag slegs op Maandae skool-toe gedra word.
- Slegs leerders wat kwalifiseer vir 'n Rooibaadjie mag hul Rooibaadjie skool-toe dra.
- Skoene: Die volgende word toegelaat:
 - Swart skoolskoene met bypassende lang skoolkouse;
 - Wit tekkies met bypassende kort skoolkouse;
 - Tekkies moet wit wees. Geen 'sneakers' word toegelaat nie;
 - Alleenlik tekkies met wit vetters word toegelaat. (Neon vetters is nie toelaatbaar nie).
- Indien 'n leerder nie die korrekte skoene (soos hierbo dra nie, sal sodanige leerder versoek word om sy/haar skoene vir die res van die dag uit te trek.
- Serpe: 'n Amptelike skoolserp is by Rieba beskikbaar. Geen ander serpe word toegelaat nie.
- Indien 'n leerder enige probleem met sy/haar skooldrag beleef, word van die betrokke leerder se ouer of voog verwag, dat die ouer die skool sal kontak of

skriftelik daarvan te verwittig. Die skool se klerebank sal op Woensdaeoggende oop wees om nuwe leerders en leerders met 'n behoefte aan tweedehandse klere by te staan.

BK KLERE (LEWENSORIËTERING PRAKTIESE PERIODE ALLEENLIK):

Leerders mag met die korrekte Laeveld skoolsporthemp skool toe kom en dit vir die duur van die skooldag dra. Indien die leerder nie die skoolsporthemp besit nie, moet hul met skooldrag skool toe kom, en moet hul vir die BK-periode 'n netjiese T-hemp dra en direk na die BK-periode weer hul skooldrag aantrek.

Seuns en Dogters - somer

- Skool sporthempie met die skool broekrompie / broek.
- Skool sokkies met wit tekkies of kaalvoet.
- Geen 'skipants' mag gedra word nie.

Seuns en Dogters - Winter

- Skool sporthempie met die skool broekrompie / broek of sweetpakke.
- Skool sokkies en wit tekkies.
- Geen 'skipants' mag gedra word nie.

Voorkoms

Dogters:

- Kort hare: Netjiese aanvaarbare snit, geen onewiredige snitte of lang kuiwe nie.
- Lang hare: Word vasgemaak indien oor die kraag hang. Hare mag in een of twee poniesterte of vlegsels vasgemaak word.
- Hare mag nie in die oë hang nie – dit moet of gesny of vasgesteek wees.
- Linte, rekkies, haarbande moet blou of rooi wees.
- Verlengstukke moet die selfde kleur as die natuurlike hare wees en netjies vasgemaak word.
- Hare mag nie gekleur word nie.
- Geen buitengewone mode haarstyle nie.

Seuns:

- Kort gesny.
- Hare mag nie oor die ore of kraag hang nie.
- Kuiwe minstens 1 sentimeter bo die wenkbroue.
- Hare mag nie in 'n rif, patroon of 'step' gesny word nie. (Geen 'overcomb').
- Hare mag nie gekleur of “gegel” word nie.
- Geen hooftoisels of verlengstukke mag gedra word nie.

JUWELE:

Dogters:

- Oorbelle: Slegs knoppies (5mm) en ringetjies (15mm) (goud of silwer) mag gedra word.
- Geen steentjies, hartjies of sterretjies mag gedra word nie.
- Geen toevoegings aan die ringetjies mag gedra word nie.
- Slegs een oorbel per oor.
- Geen armbande, krale, hangertjies, enkelkettingtjies mag gedra word nie.
- Slegs een seëlringe mag gedra word.
- Horlosies sonder bykomstighede mag gedra word.
- Geen selfoon-horlosies is toelaatbaar nie.

Seuns:

- Geen armbande, kettingtjies, hangertjies of oorbelle mag gedra word nie.
- Horlosies mag gedra word.
- Geen selfoon-horlosies is toelaatbaar nie.

GRIMERING EN NAELS:

Dogters:

- Geen ooggrimering mag gedra word nie.
- Geen lipstiffie, lipglans of kleurlose lipstiffie mag gedra word nie.

- Geen blosser mag gedra word nie.
- Naels moet kort en skoon wees.
- Geen naelpolitoer – gekleurd of kleurloos – mag gedra word nie.
- Naels mag nie met penne of 'tippex' ingekleur word nie.
- Geen tekeninge of tekens van henna mag op enige deel van die liggaam aangebring word nie.
- Geen tekeninge of kolletjies mag of die voorkop aangebring word nie.
- Enige vorm van tatoeëring moet deur die skooluniform bedek wees of deur 'n pleister toegemaak word.

Seuns:

- Naels moet kort en skoon wees.
- Geen tekeninge of tekens (henna) mag op enige deel van die liggaam aangebring word nie.
- Naels mag nie ingekleur word met penne of 'tippex' nie.
- Enige vorm van tatoeëring moet deur die skooluniform bedek wees of deur 'n pleister toegemaak word.

DISSIPLINÊRE OPTREDE

A. DISSIPLINE PROSEDURE (Graad 1 tot 3)

WANGEDRAG

1. Klasonderwyser ondersoek die voorval en voltooi 'n Wangedrag brief stuur dan na DPG.
2. Sy oorhandig dit aan die JDK (Junior Dissipline Koördineerder) vir ondertekening en prosessering op SASPAC.
3. Die brief word in die leerder se Huiswerkboek geplak vir kennisname en ondertekening deur die ouer.
4. Klasonderwyser hou kontrole oor die aantal briewe wat per leerder uitgaan asook die (JDK).
5. Prosedure:
 - Na drie kanse voor 'n rooikaart, 'n Wangedragkennisgewing word uitgereik, ongeag die tipe oortreding.
 - Met die 4de oortreding moet die (JDK) 'n oueronderhoud reël met die ouers, DPG en klasonderwyser.
 - As vierde oortreding begaan word, word ouer onmiddellik geskakel om leerder by die skool te kom haal.
 - Indien 'n leerder 4 Wangedragkennisgewings het, sal daar 'n daaglikse verslag gehou word vir die daaropvolgende 10 dae deur die onderwyser. Hierdie verslag sal daagliks in leerder se leeslêer huistoe gestuur word vir verpligte ondertekening deur die ouers. Na 'n volgende oortreding sal die leerder en sy ouers deur die Hoof, hoof van skool dissiplinêre, junior dissipline koördineerder (JDK), die DPG en klasonderwyser gespreek word waar daar besluit sal word, oor hoeveel dae die leerder uit die skool gesit sal word.

601	Gesels in saal / rye	-1
602	Vloek	-1
603	Boelie / baklei	-1
604	Diefstal	-1
605	Vandalisme	-1
606	Spoe, byt of skop	-1
607	Klasontwrigting	-1

608	Huiswerk 3 keer nie gedoen nie	-1
609	Rommel strooi	-1
610	Vertel leuns / oneerlik	-1
611	Toon geen respek teenoor onderwyser / maats	-1
612	Werkboek twee keer nie geteken nie	-1
613	Kom laat na pouse	-1
614	Mors tyd; klaswerk onvoltooid	-1

POSITIEWE GEDRAG

- Elke leerder ontvang 'n beloningskaart met die 6 pilare van positiewe gedrag op. Maandeliks word positiewe punte gegee sos voor-af bepaal deur DPG en op SASPEC ingelees.
- Leerders word uitgevang en dan beloon deur enige personeellid.
- Leerder ontvang 'n knopie na 5 positiewe punte wat hy/sy kry om te dra.
- Die knopies sal maandeliks uitgedeel word.
- Dit is belangrik om te verstaan dat die knopie terug gevat kan word, deur die JDK as 'n leerder nie by die gedragskode hou nie.

701	Gereelde lees	1
702	Deurlopende goeie werk	1
703	Deursettingsvermoë	1
704	Eerlikheid	1
705	Respek	1
706	Verantwoordelikheid	1
707	Integriteit	1
708	Goeie vordering in assesseringstake	1
709	Toppresteerder	1
710	Samewerking	1
711	Ernstige wangedrag Juniors	1
712	DBE werkboek netjies en gedoen	1
713	20 Sterre en meer	1
714	Kalender groen vir 1 maand	1
715	Huiswerk gereeld gedoen	1
716	Omgee	1
717	Borgvorms terug met geld	1

B. MERIETESTELSEL (KNOPIE STELSEL) GRAAD 4-7:

Die Knopie stelsel is daarop gemik om leerders se gedrag te bevorder, waardeur leerders knopies ontvang wat die hoeveelheid merietes aandui wat hulle tot dusver ontvang het. Die stelsel bestaan uit 'n 10, 20 en 30 meriete knopie. Die 10 meriete knopie sal gratis voorsien word, wanneer 'n leerder kwalifiseer vir 'n 20 meriete knopie, moet die leerder die 10 meriete knopie ruil vir die 20 meriete knopie, wanneer 'n leerder kwalifiseer vir 'n 30 meriete knopie moet die leerder die 20 meriete knopie vir die 30 meriete knopie ruil. Die knopies moet aan die einde van die jaar terug oorhandig word aan die skool, indien 'n leerder sy/haar

knopie verloor het, moet die leerder R10 betaal om die knopie te vervang. Dit is belangrik om daarop te let dat 'n leerder se gedrag gekoppel is aan die dra van die knopie en dat dit 'n voorreg is om die knopie te dra, wanneer 'n leerder swak gedrag in die klaskamer, op die speelgrond of op enige ander skoolaktiwiteit openbaar, mag die knopie deur die hoof van dissipline weg gevat word.

DISSIPLINÊRE PROSEDURE VIR LEERDERS MET HOË STRAFPUNTE EN / OF ERNSTIGE WANGEDRAG.

Vlak 1: OORTREDINGS – AKADEMIESE

Versuime		
101	Huiswerk nie gedoen nie / Assesseringstaak nie ingehandig op gegewe datum	-1
102	Boeke nie in die klas nie	-1
103	Laat vir klas	-1
104	Is buite die klas sonder 'n pas kaart	-1
105	Ontwrig klassituasie / Hou medeleerders uit die werk / Ongevraagde kommentaar / Uitskree in die klas / Moet herhaaldelik aangespreek word	-1
106	Voer nie klasopdrag uit nie	-1
107	Afskryf van huiswerk en boek uitleen vir afskryf	-1
108	Gesels in die saal, rye en stoepe	-1
109	Versuim om toets / omsendbriewe / dokumente aan ouer te gee	-1
110	Verbeteringe nie gedoen nie	-1
111	Vorige onvolledige werk nie gedoen	-1
112	Die besit van 'n selfoon sonder 'n toestemmings brief van die ouers. Gebruik van selfoon in die klas of die skoolterrein	-2
113	Eet / kou in die klas	-1
114	Spoeg in 'n openbare gebied	-1
115	Ander vakke se huiswerk in die klas doen	-1
116	Verwaarloos handboeke	-2
117	Steek ander leerder se skryfbehoeftes weg	-1
118	Leen / Gebruik ander leerders se skryfbehoeftes sonder toestemming van die onderwyser of die leerder	-1
119	BK klere nie by die skool nie	-1
120	Assesseringstaak laat ingehandig	-2

Vlak 2: OORTREDINGS – ALGEMEEN

201	Algemene skending van die skoolreëls	-1
202	Graffiti op enige skooleiendom (Leerder moet herstel) / skryf op muurkaarte	-3
203	Peuter met brandblussers of enige ander skooleiendom	-3
204	Vandalisme / beskadiging van die skool, 'n onderwyser of ander leerder se eiendom	-3
205	Gooi papiere op speelgrond / in klasse	-2
206	Ignoreer monitors / leiers	-2
207	Swak gedrag - leerders vloek mekaar	-2
208	Swak gedrag - spoeg of byt	-2
209	Vertel leuens / oneerlik oor skoolaktiwiteite	-2
210	Bakleiere	-3

211	Aanhitsing / Aanmoediging van 'n bakleery	-2
212	Maak geluide in die klas, opruiende slagspreuke sing	-2
213	Dra grimering	-1
214	Nie korrekte skoolklere, skoene / rok te kort / verkeerde juwele, ens.	-1
215	Teken op hande, arms, bene of lyf	-1
216	Fisiese kontak - soen, drukkie, hou hande	-2
217	Versuim om toerusting / sportklere in te handig	-1
218	Afwesig van sportwedstryde / sportoefening	-1
219	Versuim om op te daag vir detensie	-1
220	Ontwrig detensie	-1
221	Op verbode terrein / speelgrond / stoep wees	-2
222	Bank klas of saalopening	-3
224	Swak gedrag	-2
225	Haarstyl / Kleur nie volgens skoolbeleid nie	-1

Vlak 3: OORTREDINGS. As gevolg van die erns van die oortreding sal daar onmiddellik 'n onderhoud met die ouer gereël word deur die hoof van dissipline.

301	Onaanvaarbare gedrag teenoor onderwyser – insubordinasie	-5
302	Disrespek teenoor godsdiens / onaanvaarbare gedrag met opening.	-5
303	Afknouery / afdreig / intimidasie / enige vorm van aanranding	-5
304	Rassisme / enige rassistiese opmerkings	-5
305	Bedrog / namaak van 'n ouer se handtekening	-5
306	'n Bystander wees of enige bewys dat daar alkohol gedrink is / gom snuif	-5
307	Rook – 'n bystander of enige bewys dat daar gerook is.	-5
308	'n Bystander wees of enige bewys van dwelmgebruik.	-5
309	Vandalisme / Doelbewuste beskadiging van onderwyser / skool se eiendom.	-5
310	Optrede wat die skool se beeld en naam skend	-5
311	Inkriminerende selfoonfoto's en/of video's	-5
312	Oneerlikheid in eksamens of enige vorm van assessering. 0% vir 'n vraestel.	-5
313	Verlaat die skoolterrein sonder toestemming	-5
314	Ernstige onaanvaarbare gedrag = Onmiddellike detensie	-5

Vlak 4: ERNSTIGE OORTREDINGS. As gevolg van die erns van die oortreding sal daar onmiddellik 'n onderhoud met die ouer gereël word deur die hoof van dissipline en 'n dissiplinêre verhoor geskeduleer word.

401	Pornografie / Tekeninge of woorde in handboeke / Tekeninge of woorde op mure	-5
402	Besit van enige wapens	-5
403	Seksuele misdrywe (Skoolure / Pouse of na skool op skoolterrein)	-5
404	Drankgebruik	-5
405	In besit wees van drank, 'hubbly bubbly' of sigarette	-5
406	Rook – op enige plek op terrein of in skoolklere buite skoolterrein	-5
407	Sataniese / okkultiese bedrywighede	-5
408	In besit wees van dwelms / gebruik van dwelms / handel dryf.	-5
409	Toets positief vir dwelms by die skool	-5
410	Diefstal	-5

MERIETE

501	Hulpvaardig	1
502	Lojaal	1
503	Deurlopende netjiese werk	1
504	Bedagsaamheid	1
505	Positiewe houding	1
506	Betroubaar	1
507	Klaskamer skoonmaak x 5	1
508	Beleefd	1
509	Konstante goeie gedrag en werk	1
510	Wys goeie vordering in 'n skoolvak	1
511	Ondersteun 'n sport of kultuur aktiwiteit	2
512	Uitsonderlike werk in 'n skoolvak	1
513	Vrywilligheid om 'n onderwyser / maat te help	2
514	Voorbeeldige gedrag in 'n klaskamer situasie gedurende die termyn	1
515	Leerder het gehelp gedurende 'n halfdag gebeurtenis	3
516	Leerder het gehelp gedurende 'n voldag gebeurtenis	5
517	Rapport punt meer as 80% vir Wiskunde	1
518	Rapport punt meer as 80% vir Engels	1
519	Rapport punt meer as 80% vir Afrikaans	1
520	Rapport punt meer as 80% vir Natuurwetenskappe	1
521	Rapport punt meer as 80% vir Sosiale wetenskappe	1
522	Rapport punt meer as 80% vir Tegnologie	1
523	Rapport punt meer as 80% vir Ekonomiese en Bestuurswetenskappe	1
524	Rapport punt meer as 80% vir Lewensvaardighede	1
525	Rapport punt meer as 80% vir Kreatiewekuns	1
526	Deursettingsvermoë	1

OPSOMMING: Versuime versamel vir 'n dissiplinêre verhoor.

- **OPEENHOPIG VAN VERSUIME**

5 versuime – 1ste detensie

10 versuime – 2de detensie

15 versuime – 3de detensie

20 versuime – 4de detensie

25 versuime – 5de detensie

30 versuime – 6de detensie

MAKSIMUM VAN 6 DETENSIES

- **STRAF EN AKSIE**

- Na 'n leerder 5 versuime ontvang het, moet hy / sy detensie sit.

- Ouers mag 'n versoek rig met 'n geldige rede dat sy/haar kind op 'n later

stadium detensie kan sit.

- Hierdie versoek moet ten minste 3 dae voor die gegewe datum van detensie skriftelik aan die hoof van dissipline gegee word.
- Indien die versoek toegestaan word, moet die leerders die volgende detensie bywoon.

- **STRAF EN AKSIE VIR ERNSTIGE WANGEDRAG**

Ernstige wangedrag sal onmiddellik na die skoolhoof of hoof van skool dissipline verwys word en besluit wat die plan van aksie sal wees.

- Die ouers sal ingelig word rakend die insident of 'n afspraak sal gereël word.
- Die saak sal verwys word na die Dissiplinêre Komitee.
- Die leerder is belas met dissiplinêre optrede.
- Die leerder sal toegang geweier word tot die skoolterrein en in die sorg van die ouers geplaas tot verdere aksie geneem word.
- Die saak sal verwys word na die SAPD.

Met verwysing na die Dissiplinêre Komitee: hierdie komitee moet die saak bestuur sodat dit in die beste belang van die skool en kind is. Die meerderheid belang moet as prioriteit gesien word. Die Dissiplinêre Komitee het die gesag om een van, 'n kombinasie van, of enige ander vonnis wat nie hieronder gelys is nie te dwing.

- Skors die leerders vir 'n maksimum van 7 agtereenvolgende skooldae.
- Weier die leerder sekere voorregte.
- Verwys die leerder vir professionele hulp.
- Beveel aan dat die leerder geskors word.
- 'n Opgeskorte vonnis vir 'n tydperk van nie langer as 90 dae vanaf die datum van vonnis.
- Weier die leerder toelating met die aanvang van die nuwe akademiese jaar.

2.1.1 DISSIPLINÊRE VERHORE

- Na 3 x detensies = Oueronderhoud met Graadhoof en 2 onderwysers.
- Na 5 x detensies = Oueronderhoud met die Skoolhoof, HOD Dissipline, Graadhoof en 2 onderwysers.
- Na 6 x detensies = Dissiplinêre verhoor

- **BELANGRIK**

2.2 DETENSIE DAE

- Vrydae, direk na skool tot 15:30
- Geen elektroniese toestelle word toegelaat nie

2.2.1 DETENSIE KLASSE

Wanneer 'n leerder 5 negatiewe punte het, moet die leerder detensieklasse bywoon. Ouers sal deur middel van 'n SMS in kennis gestel word.

Die leerders en ouers sal in kennis gestel word van die dag en datum van detensie-klasse. Indien die leerder afwesig was op die dag van detensie, sal sy/haar straf uitgeskuif word na die volgende week se detensie. Ouers moet 'n

brief aanheg (drie dae voor die geskeduleerde datum) ter verduideliking waarom die leerder afwesig was die dag van detensie.

Die ouers het die reg op 'n eenmalige versoek dat die detensie uitgestel mag word indien dit op skrif met geldige redes ingehandig word.

SOSIALE MEDIABELEID: KENNISGEWING AAN OUERS

Die Beheerliggaam van Laerskool Laeveld wil graag die volgende belangrike aspekte rakende die Sosiale Mediabeleid onder u aandag bring :

- Laerskool Laeveld het dit ten doel om 'n gebalanseerde skool te wees, geskoei op 'n waardegedrewe-stelsel. Ons het dit ten doel om elke kind eties en in totaliteit te ontwikkel.
- Om bogenoemde te bereik, het ons u as ouer(s)/voog(de) en elke leerder se samewerking nodig. Ons besef ook dat alles nie altyd verloop soos ons dit in gedagte het nie, maar wil dan eerder uitnodigend wees, en u as ouer(s)- en onderwysvennote op die regte manier akkommodeer.
- Ouers word versoek om enige probleme met u klasvoog, graadvoog, departementshoof, adjunkhoof en/of hoof te bespreek.
- Neem asseblief kennis dat publikasies op die sosiale webwerf (soos o.a. Facebook, Twitter, ens.) dieselfde is as 'n publikasie in 'n koerant, en dat u baie versigtig moet wees wanneer u enige opmerkings of aantygings maak. Deur ernstige aantygings/opmerkings teen die skool te opper, word die beeld van die skool ernstige skade berokken.

LW: By die gebrek aan toepassing van bogenoemde reëling sal die oortreder(s) 'n kennisgewing van Laerskool Laeveld ontvang waarin verdere aksies bespreek word. Laerskool Laeveld behou die reg voor om oortreders wat versuim om aan hierdie beleid te voldoen, aanspreeklik te hou en dissiplinêre stappe (hetsy ingevolge die griewe- en dissiplinêre prosedure van die skool of prosedure van die Departement van Basiese Onderwys).

Oueronderneming:

Ek het die bogenoemde Algemene Reëls, Klasreëls, Skooldrag, Voorkoms, Dissiplinêre Optrede en Sosiale mediabeleid gelees en neem kennis van die skool se dissiplinêre proses en die gedragskode wat op die D6 gevind kan word. Ek onderneem om die gedragskode van Laerskool Laeveld met my seun/dogter te behandel en seker te maak dat hy/sy die gedragskode verstaan.

Ouer se naam en van: _____

Kind se naam en van: _____ Graad: _____

Ouer se kontaknommer: _____ Ouerhandtekening: _____

Datum: _____